Ps. 31: 1, 5
Ges. 29: 5.
" 156: 5, 6.

# In Gods Hand

Ps. 31

Ank. 30 Des. 62

Ps 31: 16 – My tye is in u hand.

Nog een dag en 1962 is vir altyd verby, onherroeplik agter die rug. So baie hang af van hoe mens 'n nuwe jr of nuwe tydperk begin; mr. netso baie hang daarvan af hoe mens dit uitgaan, dit afsluit.
En nou, op hd. 2e laaste dag v.d. oujaar, word ons herinner aan 'n wd. wat in 'n dubbele sin tot ons spreek: My tye is in u hand. Dis 'n wd. wat ewe geldig is a.d. begin somal as a.d. einde van 'n jr. Die omstandighede w/o dit geskryf is i/d vorm van 'n diep pers. belydenis thoe God van iemand wat in groot verdrukking verkeer het, maak dit vir ons dubbel waardevol.

Mr. nou is die vraag: David kon met opregtigheid dit sê: My tye is in u hand. Mr mag ons dit sê? Durf ons? Wie mag dit sê en wie nie? Party mense kan dit in elk geval nie sê nie want hulle ken God glad nie en erken Hom ook nie. Ander weer durf dit nie sê nie want hulle hele lewe en optrede is 'n doelbewuste wegbreek van God, 'n losruk uit sy hand, 'n koppige verset teen sy plan. As God nee sê, dan sê hulle ja – en as God ja sê, dan skreeu hulle Hom dood met 'n nee! Nog ander wil dit nie sê nie, want dan is hulle bang dat hulle hulself daardeur aan God vasbind, hulself moreel verbind om God te gehoorsaam en sy gesag oor hulle lewe volmondig te erken en te eerbiedig. En wie God teësinnig of halfhartig volg of gehoorsaam, beland gedurigdeur in die warmwater! Altyd in twisstryd en onsekerheid

As ons dus nou vra: wie mag sê: My tye is in u hand? dan wil ons v/m. d/op antwd soos volg:

1. Wie ~~leef~~ leef onder d. bewussyn v.d. goedheid van God: As u wil verstaan wat ek bedoel, kyk vir net terug oor d. afgelope jr. Weeg u hele lewe op, vergelyk dit met d. gebeurtenisse in d. lewens v. ander mense rondom u en vra dan: Hoe goed was God vir my? Op tydel. gebied: U gesondhd, u geluk, u familiebande, u geriewe en goeie inkomste, u verstandelike vermoëns wat u kon gebruik om u posisie te verbeter. En op geest-gebied: Die verhoring v. u gebede, die dieper insigte in Sy heilige wil, die lus om God te dien, die verlange na Sy huis, die genade wat u ontvang het om te vergewe — het u al hd. dinge gedurig deur raakgesien as bewyse van d. eindelose goedhd v God? Was u hart en u oë en u gesprekke daar vol van? Of was u hele houding een van onvergenoegdheid, ~~pruttelrige neulerigheid~~ onverskilligheid, geïrriteerdhd, Klaagtone? misnoegdheid? Dan het u nie verstaan wat Dawid bedoel het toe hy uitgeroep het: My tye is in u hand!

2. Wie erken d. almag v God: Vir. die jr. was beslis nie net goedhd en gunste al d. dae v.d. jr nie: daar was ook tye van groot spanning, van ernstige moeite, van pynlike teleurstellinge, van diepe eensaamheid, van langdurige worsteling oor dinge wat vir u duister was — en miskien nog is. U het d. jr. met 'n uitroepteken begin en u gaan dit met vraagtekens uit! Miskien het 'n ernstige siekte u of u dierbare getref. 'n onverwagte skok in 'n vriend, 'n verwarring in u gemoed oor situasies waarop u geen lig het. Dit het u vertroue in God tydelik geskok, dit het u laat twyfel aan Sy leiding en Sy beloftes van steun en bystand. Dit het baie gebeurtenisse so willekeurig gemaak, so sonder sin.

Vir. miskien het u lank en diep genoeg nagedink om uiteind. te ontdek: hier is iets baie groters en sinvoller agter al hd. gebeure as wat ek ooit van erken of kon insien. Hier is d. hand van 'n almagtige God wat besig is met groot dinge in my lewe — ek sien nog baie min dit raak, vir. dit begin tog deurskemer: 'n almagtige God is a.d. werk!

Dat U my verdruk het, Here,
dit was enkel goed vir my,
want daardeur het U my dieper
in u kennis ingelei (Ps. 119:25)

Dit ontdek? Bely? Besing? Indien nie — hoe mag ~~u~~ u dan sê: My tye is in u hand?

3. Wie ~~ondervind~~ ontdek sy afhanklikhd v God: U is een van baie wat hd. jr. ~~ondervind~~ ontdek het of dit toevallig ontdek het en v/jr opnuut bewus het u skoonheid, u begaafdheid, u geleerdheid, u bevoorregte posisie. U groot inkomste, u sosiale status het u self versekerd gemaak, enkeles 'n gevoel van hoogmoed en trots ontwikkel. // En toe het iets gebeur: 'n ~~ste~~ onverwagte siekte, 'n ernstige motorongeluk, 'n toegee aan pynlike versoeking, wrywing of botsing in u huislike kring. En by die oordenking daarvan het U u eie hulpeloosheid, u swakhd ontdek, dat daar net een tree is tussen u en die dood. Opnuut die besef: hoe diep afhanklik is ek v God!

→ U het geleer om te leef vanuit die genade v. God! Dan kan u sê: My tye is in u hand!

Mr. as ons dit nog nie ontdek het nie, as ons nog voortgaan asof alle beslissinge ons s'n is en ons s'n alleen, asof ons die beheersers en bestierders is van ons eie lotgevalle – hoe durf ons dan ooit sê: My tye is in u hand? Want dan wil ons ons tye net in eie hand hê: Ons s'n!

4. Wie gelei is tot herhaalde toewyding aan God:

Nog net een dag en die jaar is verby. Hoeveel ~~[illegible]~~ uiteenl. gewaarwordinge het nie hd. jaar deur u hart gegaan nie: vreugde & droefheid, vrede & angs, hoë verwagting & pynlike teleurstellinge, innige gemeenskap & diepe eensaamheid, sekerheid en onsekerheid!

→ Mr: Wat was die grondtoon van u lewe? Was dit trots, eiemagtige strewe, selftevredenheid, diepe neerslagtigheid – of was dit dankbaarheid? Want wie dié wd v Dawid reg verstaan is dank-br, dankbr. om te weet dat agter alle wisselvallighede, alle gebeurlikhede, alle omstandighede lê daar die goeie en alwyse raad v. God, lê daar d. liefde v God wat alle dinge ten goede laat gebeur. Hoe ryk is die mens wat dit erken en vanuit hd. wete lewe!

→ lei tot toewyding: hele lewe